LAURIKA OP REIS

DEUR LYDIA VAN DER MERWE FOTO'S PHYLLIS GREEN

LAURIKA RAUCH SE NUWE CD, *VIER SEISOENE KIND*, IS PAS BEKENDGESTEL. HAAR LOOPBAANREIS HET IN DIE KAAP BEGIN EN IN GAUTENG OP DREEF GEKOM. HIER REIS SY WEER NOORD SAAM MET 'N KYKNET-SPAN, EN *SARIE* WAS DAAR.

Hooffoto: Laurika op die kronkelende houttrap in die Lord Milner Hotel op Matjiesfontein. Oorkant, van bo regsom: 'n Stoomlokomotief van weleer. • Jonathan Bakos, een van die sjefs, aan die werk. • Die mooi Hexrivier-vallei. • Oggendtee met styl. • Laurika bestudeer die spyskaart. • Die trein het twee gerieflike sitkamers. • Die uitsig verander heeltyd. • Rovos Rail se embleem.

Soetendal, Hermon, Voëlvlei, Gouda ...

Name wat jy andersins net op 'n landkaart sal sien, glip verby die treinvenster. Die netjies geordende wynlande van die Wes-Kaap maak plek vir die eensame ooptes van die Karoo en dan die graslande van die Hoëveld.

Op die Rovos Rail-trein gly die alledaagse lewe verby en word jy momenteel 'n toeskouer: sintuiglik gekoester deur die luukse omgewing, lekker kos, goeie wyn ...

... en op dié spesifieke rit: 'n samesang met Laurika Rauch as die voorsanger. Herman van Niewenhuys, die treinbestuurder (nie masjinis nie), goël met sy trekklavier. Terwyl die gaste een immergroen Afrikaanse liedjie na die ander insit – "Al lê die berge nog so blou", "Ver in die ou Kalahari", "Sarie Marais". En op versoek van 'n Engelse vrou wat met moeite Afrikaans praat: "Kinders van die Wind", die liedjie waarmee Laurika haar in die Afrikaanse musiekwêreld geanker het.

Sal sy sing as hy haar op sy pensklavier begelei? het Herman vroeër gevra.

"Dit sal pret wees," was haar onmiddellike reaksie. Só aansteeklik is dit toe dat almal mettertyd saamsing. En dit word 'n hele joligheid.

Laurika se sangloopbaan van ruweg 25 jaar is nou verweef met die ontwikkeling van Afrikaanse musiek, wat in dié tyd sy kinderskoene ontgroei het. Dis om haar loopbaanreis te simboliseer dat ons op dié trein is. Die rit begin in Kaapstad, waar sy gebore is. En eindig in Pretoria, waar sy al amper dertig jaar woon.

"Vir die Kaap is ek lief, maar Gauteng het ek my tuiste gemaak," sê sy.

Dis om haar loopbaanreis te simboliseer dat ons op die trein is

Johan Badenhorst van Kew-produksies maak 'n program vir kykNET oor die ontwikkeling van Afrikaanse musiek die afgelope twintig of wat jaar. Laurika is die verteller en vertolker. In *Kom laat ons Sing* word met groot geeste in die Afrikaanse musiekbedryf gesels: David Kramer, Amanda Strydom, Mimi Coertse, Anton Goosen, Johannes Kerkorrel, Stef Bos ... (Die sewe episodes begin op 1 Oktober af met 'n program oor Laurika, waarvan die treinrit deel is.)

Soos Afrikaanse musiek het die trein waarin ons reis ook 'n metamorfose ondergaan. Die meeste waens is tussen 1919 en 1970 gebou en nou gerestoureer: die oorspronklike gepoleerde mahoniehout vloei ineen met moderne geriewe soos en *suite*-badkamers. Om 'n gas aan te haal: dis soos 'n luukse hotel, net beter, want die uitsig verander heeltyd.

Laurika se loopbaanrit was nie altyd so luuks nie. Maar minder rukkerig, want as die trein eers op spoed is – 60 km/h op sy vinnigste – ruk en rol dit vir 'n vale.

Touwsrivier... Draai... Jan de Boers... Konstabel ... En dan die historiese dorpie Matjiesfontein, waar die trein 'n wyle stilstaan. Hier het Laurika as jong meisie gesing, die idee om sangeres te word toe nog net 'n droom. Sy was 'n tweedejaar-dramastudent op Maties toe sy 'n vakansie hier gewerk het. Bedags het sy "Ma Joan", die huishoudster, gehelp. Saans het sy op 'n hoë stoeltjie in die kroeg gaan sit, haar kitaar gevat en gesing. David Rawdon, die eienaar van die dorpie, het haar selfs gestuur om by die "beroemde Miekie" in die Lanzerachotel op Stellenbosch omelette te leer bak.

Mimi Coertse het haar vroeg in die jare sewentig aangeraai om ligte Afrikaanse musiek te sing. Sy het "Aai aai die witborskraai" vir Mimi gesing op aandrang van 'n destydse gemeenskaplike vriend, dr. Pieter van Biljon. Dit was in Mimi se kleedkamer by die destydse Nico Malan-teater in Kaapstad, waar sy in *La Traviata* opgetree het. Daardie tyd was 'n loopbaan in ligte Afrikaanse musiek ondenkbaar.

"Dit het beteken liedjies uit die FAK! Die sterre was Min Shaw en Virginia Lee. Maar op 'n manier was Mimi se woorde profeties. Ek het my deurbraak in 1979 gemaak."

Katinka Heyns het haar gevra om die temaliedjie vir die TV-reeks *Phoenix & Kie.* te sing. Dit was Koos du Plessis se "Kinders van die Wind", wat vinnig 'n treffer geword het. Laurika het nog skoolgehou. Maar toe vra Anton Goosen haar om saam met hom op toer te gaan en sy moes noodgedwonge uit die onderwys bedank. Sy was nog nooit spyt nie.

Johan Badenhorst sê sy het 'n statuur in die Afrikaanse musiekbedryf opgebou wat ongekend is. Hy reken dis deels omdat sy (onbewustelik) 'n eksklusiwiteit om haar geskep het wat jy nie kan koop nie. Want oor haar privaatheid is sy baie besitlik. "Ek het gedink *Kom laat ons Sing* gaan 'n moeilike produksie wees. Maar die oomblik dat mense hoor Laurika is betrokke, gee hulle alles. Selfs David

Links, van bo: Wiets Cronje, wynkelner. • Die treingang. • Duskant Touwsrivier en die son steek kop weg tussen die wolke. Regs van bo: Laurika in peinsende luim. • Karoo-lamsvleis keurig berei. • Glimmende hout-interieur. • Op pad na nêrens ...

Bo: Gert van Vuuren, die stoomtrein-drywer, en Johan Badenhorst van Kew-produksies. Regs: So lyk die dubbelbeddens in die ruim koepees. Onder: Vir die suikertand.



Kramer, wat baie teruggetrokke is, se reaksie was dadelik: Wanneer pas dit julle?"

Amanda Strydom het gesê: "Ek het gedink Afrikaans is 'n swak taal om in te sing. Toe kom Laurika en verander my lewe. Toe ek haar 'Kinders van die Wind' hoor, het ek geweet dis die taal waarin ek my kan uitdruk."

Laurika is by uitstek 'n vertolker van ander kunstenaars se werk. (Anders as bv. Mynie Grové en Amanda Strydom, wat meestal hul eie werk sing). "My grootste passie is interpretasie." Sy haal Patrick Mynhardt aan: "God, gee my 'n teks sodat ek kan mal word."

Johan: "Sy gee kunstenaars geloofwaardigheid. Koos Kombuis het bv. net 'n kultusaanhang gehad, tot Laurika sy liedjie 'Lisa se Klavier' gesing het. Net so met Valiant Swart."

Haar jongste CD, *Vier Seisoene Kind*, wat pas uitgereik is, bevat liedjies van o.a. Gian Hanekom (die titelsnit) en Karen Zoid – dus die jonger generasie.

"Ek soek iemand wat 'n goeie liedjie kan skryf. As die skrywer boonop jonk en nuut is, is dit 'n bonus. Jy kry vars werk," sê sy.

Volgens Johan kan jy omtrent nie met iemand in die musiekbedryf praat wat Laurika nie persoonlik ken nie. Sy en Pieter-Dirk Uys het bv. as kinders saam in sy pa, oom Hannes, se Kindersangkring gesing. Toe hy nog Pietie en sy Loekie was. Hoe onthou sy Pieter-Dirk?

"Sy blonde kuifie, engelgesiggie en 'n stem soos dié van 'n seun in die Weense seunskoor. En oom Hannes was 'n buitengewone mens en uitstekende musikus. Hy het my dinge geleer wat ek vandag steeds in my werk gebruik."

Klak ... klak ... verby Heuningkloof ... Moddenivier ... Spytfontein ... dan Kimberley, waar die trein stop vir 'n besigtigingstoer.

Laurika se loopbaanreis is in die openbare oog. Maar sy waak jaloers oor die res van haar lewe. Haar gesin moet mense uit eie reg wees, glo sy. Daar is Christopher Torr, haar ernstige man met die wonderlike humorsin. Simon, 'n student in sy tweede jaar aan 'n filmskool. Hy was so drie, vier toe sy in België gaan toer het. Toe sy haar tas die eerste keer oopmaak, kry sy van sy kleertjies binne-in. Hy het dit ingepak toe sy nie kyk nie. Nou is hy groot en uit die huis en sy voel nog nie gereed daarvoor nie. Soos enige ma, seker maar, sê sy.

Vroeër het sy hard probeer om haar persoonlike lewe en loopbaan uitmekaar te hou. Deesdae probeer sy om dit meer te integreer. Sy het selfs vir Nina, haar vyftienjarige dogter, saamgebring op die treinrit. Voorheen sou sy dit nie eens oorweeg het nie. Beteken dit ons kan 'n foto van Nina neem? Dit was nog altyd taboe. Laurika huiwer. "Nina?" vra sy.

Nina sê skamerig "nee".

Laurika is baie intens, maar pantser haarself daarteen met 'n skoot gesonde selfspot. By 'n TV-opname op die trein raak sy erg geïrriteerd met 'n drie meter lange serp wat nie sy hang wil kry nie. Net om later hartlik daaroor te lag.

"Daar speel ek toe die diva. En Nina staan en lag vir my."

Sy probeer om soveel moontlik by die huis te wees. Maar sy is 'n goeie reisiger, 'n bietjie van 'n *gypsy*.

"As ek reis, is dit so goed ek is tuis. Ek het jare gelede ontslae geraak van die gevoel dat jy vinnig moet klaarmaak waarmee jy besig is – sodat jy huis toe kan gaan. Anders sou ek nie die werk so lank kon doen nie." ■

Hare en grimering Abraham Greyvenstein

So ry die trein ...

Rohan Vos se stokperdjie, die restourasie van ou treinwaens, het 'n loopbaan geword. En Rovos Rail is gebore.

Hy koop die waens in die uithoeke van die land, by klein spoorwegmuseums, private versamelaars en skrootwerwe. Daar ook vyf stoomlokomotiewe, elk na 'n familielid genoem.

Waar dit prakties moontlik is, word 'n stoomlokomotief ingespan om die trein te trek. Maar stoom het deesdae meer 'n seremoniële rol: die stoomlokomotief word gebruik om die trein oor 'n kort afstand van en na Capital Park te trek, so 'n uur van die stasie af. Andersins word diesel of elektriese lokomotiewe gebruik. (Capital Park is Rovos Rail se private stasie in Pretoria. Dis deur die destydse SA Spoorwegdiens onder meer as werkwinkel gebruik en in 1999 deur Rovos Rail gehuur.)

Die trein kan tot 72 passasiers huisves, maar om aan almal spesiale aandag te gee is daar gewoonlik nie meer as 40 tot 50 gaste nie. 'n Reis kan enigiets van 24 uur tot twee weke duur. Dit hang af van die bestemming, wat insluit Dar es Salaam in Tanzanië, die Victoria-waterval, Namibië en die Tuinroete aan die Kaapse suidkus.

Rovos Rail maak daarop aanspraak dat sy treine die luuksste en sy kompartemente die ruimste ter wêreld is. Elke kompartement het 'n skryftafel, mini-kroeg, kaste en lugversorging. Daar is twee sitkamers met gemaklike stoele en 'n vriendelike kroegman. En as jy 'n bietjie onvas op jou voete is, gee die skommelende trein die skuld! (Drankies is immers verniet!)

- Vir meer inligting, skakel 012 323 6052 of besoek die webblad www.rovos.com
- Dank aan British Airways Comair wat *SARIE* Kaapstad toe gevlieg het.